# 'N OPNAME VAN KULTUURHULPBRONNE IN DIE AKASIA MUNISIPALE GEBIED

Vir die:

**STADSRAAD VAN AKASIA**

Posbus 58393
KARENPARK
0118

Opname gedoen en verslag voorberei deur die:

**NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM**

Posbus 28088
SUNNYSIDE
0132

Telefoon - (012) 3411320

Telefax - (012) 3416146

VERSLAG: 94KH01

Datum van opname: Maart 1994 Datum van verslag: Junie 1994

NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM
NATIONAL CULTURAL HISTORY MUSEUM

## OPSOMMING

**'n Opname van kultuurhulpbronne in die Akasia Munisipale gebied.**

'n Ondersoek van die Akasia Munisipale gebied is gedoen met die doel om alle voorwerpe,

verskynsels en strukture van argeologiese en historiese belang te identifiseer. Hieruit blyk dit dat die omgewing reeds sedert Vroeë Steentydperk-tye deur die mens bewoon is, dit wil sê 'n periode van nagenoeg 200 000 jaar. Terreine daterende uit die Ystertydperk is geïdentifiseer, asook 'n aantal histories belangrike strukture.

Enkele terreine en verskynsels wat deur ontwikkeling bedreig word, is geïdentifiseer en voorstelle word aan die hand gedoen oor die wyse waarop die impak van hierdie ontwikkeling versag kan word.

## SUMMARY

**A survey of cultural resources in the Akasia Municipal area.**

A survey of the Akasia Municipal area undertaken with the aim of identifying all objects, features and structures of archaeological and historical importance. From this it was deduced that humans have been living in this area since the Early Stone Age, a period spanning approximately 200 000 years. Sites dating to the Iron Age were identified, as wel as a number of structures of historical importance.

A number of sites and features that are endangered because of potential development were identified. Proposals are put forward for the mitigation of the impact due to development.

# INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING/ABSTRACT .......... i

INHOUDSOPGAWE .......... ii

1. DOELSTELLING .......... 1

2. VOORWAARDES EN AANNAMES .......... 2

3. TERREINBESKRYWING .......... 2

4. METODIEK 3

5. OPNAME-INLIGTING .......... 6

6. SAMEVATTING EN EVALUERING .......... 16

7. AANBEVELINGS .......... 19

8. VERWYSINGS .......... 20

9. PROJEKSPAN .......... 22

# 'N OPNAME VAN KULTUURHULPBRONNE IN DIE AKASIA MUNISIPALE GEBIED

## 1. DOELSTELLING

'n Opname wat ten doel gehad het die opsporing, identifisering en toepaslike dokumentering van alle kultuurhulpbronne binne die grense van die Akasia Munisipale gebied, is gedoen. Die opdrag is onderneem in opdrag van die Stadsraad van Akasia, soos vervat in 'n brief gedateer 27 Oktober 1993 (verwysing S3/5/8).

In hierdie verband word kultuurhulpbronne geneem om in te sluit alle fisiese verskynsels, mensgemaak sowel as natuurlik, wat met menslike aktiwiteite geassosieer word. Dit sluit in alle terreine, strukture en voorwerpe van belang, individueel of in groepe, in die geskiedenis, argitektuur, argeologie of menslike (kulturele) ontwikkeling.

Die kulturele belang van die terreine, strukture en verskynsels word bepaal aan die hand van die historiese, sosiale, estetiese en wetenskaplike waarde daarvan. Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie aspekte nie onderling uitsluitend van mekaar is nie en dat 'n evaluering meer as een aspek kan insluit. Die sensitiwiteit van elke sodanige terrein, struktuur of verskynsel is bepaal in terme van die voorkoms, toestand, uniekheid, die navorsingspotensiaal en die betekenis daarvan vir

die plaaslike gemeenskap. Hierop gebaseer word aanbevelings gemaak wat in 'n meesterplan, wat ontwikkelingsvoorstelle vir die ondersoekgebied bevat en deur die Stadsraad van Akasia saamgestel kan word, geïnkorporeer kan word.

Die opname is gedurende April en Mei 1994 gedoen.

## 2. VOORWAARDES EN AANNAMES

Die volgende aspekte is van belang vir die opname en die verslag wat daaruit voortvloei.

- Die geografiese gebied waarbinne die ondersoek beperk is, is die Akasia munisipale gebied, soos aangedui deur die opdraggewer en word in figuur 1 aangetoon.

- Dit is nie die doel van hierdie verslag om die geskiedenis van die gebied te skryf nie.

- Alle aanbevelings wat gemaak word, word gedoen met inagneming van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, Wet 28 van 1969. Aangesien hierdie wet in sekere gevalle 'n periode van 50 jaar as afsnypunt aandui en die opinies in die verslag hoofsaaklik op die situasie soos in 1994 van toepassing is, behoort die situasie binne 8 tot 10 jaar weer hersien te word.

- Geen artefakte is tydens die opname ingesamel nie.

## 3. TERREINBESKRYWING

Aan die suidekant vorm die Magaliesberg 'n natuurlike grens vir die ondersoekgebied. Noord daarvan is die topografie meerendeels saggolwend, met die uitsondering van enkele kleiner klipkoppies. Verskeie spruite deurkruis die gebied, hoofsaaklik van wes na oos.

Geologies gesproke behoort die grootste gedeelte van die ondersoekgebied tot die Bosveld Kompleks, wat van onder na bo uit 'n norietlaag, gevolg deur 'n gabbrolaag, bestaan. In die westelike gedeelte van die ondersoekgebied word hierdie twee lae van mekaar geskei deur 'n kwartsiet, gedeeltelik veldspaties lid van die Rayton Formasie van die Pretoria Groep van die Transvaal Opeenvolging. Dit lê bo-op 'n laag kwartsiet van die Magaliesberg Formasie van die Pretoria Groep van die Transvaal Opeenvolging. Laasgenoemde verskynsel vorm dan ook die Magaliesberg self. Na die oostekant van die ondersoekgebied word die Bosveld Kompleks en die Magaliesberg Formasie oordek deur 'n laag sand, grond, ferrikreet, gruis en puin van resente afsetting. In die Magaliesberg word daar ook plate van diabaas as intrusies aangetref.

Twee plantegroeistreke kom in die ondersoekgebied voor. Die noordelike deel van die ondersoekgebied word geklassifiseer as Suuragtige Gemengde Bosveld. Dit is oop savanna met **Acacia caffra** as die mees dominante boomsoort, in 'n veld met relatief hoë, digte grasbedekking.

Suid van eersgenoemde gebied, met die noordelike hange van die Magaliesberg ingesluit, word geklassifiseer as Ander Turfdoringveld (ook genoem die Noriet Swart Turfveld). Dit is tipiese oop savanna van kort **Acacia karroo** as dominante boomsoort. In die suide, teen die Magaliesberg, verdig die plantegroei, veral in die klowe. Hierdie beskrywing van die plantgroeistreke verteenwoordig die oorspronklike toestande. In der waardeid het die grootste deel daarvan as gevolg van ontwikkeling reeds drastiese verandering ondergaan.

## 4. METODIEK

### 4.1 Voorondersoek

Die voorondersoek het die volgende elemente ingesluit:

#### 4.1.1 Argivale bronne

Kaarte is bestudeer om die oorspronklike plaasname van die ondersoekgebied vas te stel. Hierdie inligting is met die Stadsraad van Akasia bevestig. Hieruit het dit geblyk dat die gebied slegs twee oorspronklike plase ingesluit het, naamlik HARTEBEESTHOEK 303JR (ou plaasnommer 524) en WITFONTEIN 301JR (ou plaasnommer 53). 'n Aantal ander plaasname is ook teëgekom. 'n Akte-ondersoek is in die aktekantoor te Pretoria gedoen om vas te stel wie die eerste plaaseienaars was en wat die verband tussen die verskillende plaasname is. Hieruit is vasgestel dat al die ander plase

uit gedeeltes van die twee oorspronklike plase bestaan.

Die plaas Hartebeesthoek 303JR se eerste eienaar was Michiel Frederik Horn (junior) en die registrasie van die plaas het op 29 November 1858 plaasgevind. Die eerste eienaar van Witfontein 301JR was J L J Pretorius, wat die plaas op 11 Mei 1860 geregistreer het. Die oudste kaarte van die twee plase is opgespoor. Die kaart van Hartebeesthoek 303JR is gedateer Julie 1892 en die van Witfontein 301JR, Junie 1892.

Navorsing is in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, gedoen ten einde meer inligting oor dié plase en eienaars te kry. Die argivalia wat geraadpleeg is, na aanleiding van inligting wat deur middel van 'n rekenaarsoektog gevind is, word in die bronnelys aangedui.

4.1.2 Literatuurondersoek

'n Ondersoek van die verbandhoudende literatuur is gedoen alvorens die opname in die veld plaasgevind het. Dit is gedoen met die oog op die vasstelling van die potensiaal van die gebied, asook tot watter mate vorige navorsers reeds in die gebied gewerk het. Verskillende antropologiese, argeologiese en historiese werke is geraadpleeg en word in die bronnelys aangedui.

4.1.3 Databanke

Die verskillende inskrywings in die **Archaeological Data Recording Centre** (ADRC) is ook geraadpleeg. Geen inligting wat spesifiek op die ondersoekgebied van toepassing is, kon hieruit verkry word nie.

4.1.4 Ander hulpmiddele

Topokadastrale kaarte en lugfoto's, laasgenoemde verskaf deur die Opdraggewer, is ook bestudeer.

## 4.2 Veldopname

Die veldopname is aangepak met inagneming van die inligting wat uit die voorondersoek verkry is. Dit is verder aangevul met inligting wat verkry is uit onderhoude wat ter plaatse met 'n aantal plaaslike inwoners gevoer is.

Die opname is gedoen volgens algemeen aanvaarde wetenskaplike beginsels en aannames en was gemik op die opsporing en identifisering van alle verskynsels. Vir hierdie doel is 'n denkbeeldige ruitnet oor die area uitgemeet om die ondersoek daarvan te vergemaklik. Die terrein is deur twee spanne van twee ondersoekbeampte of te voet deurgestap of per motor deurgery. Alle areas wat beskou is om 'n besondere hoë potensiaal vir menslike benutting te hê, is volgens hierdie ruitnet ondersoek en is visueel inspekteer. Aspekte wat spesifiek hier van toepassing is, is gebiede met versteurde of sekondêre plantegroei, kranse waarin moontlik grotte en skuilings kan wees, stroombeddings en onnatuurlike topografiese verskynsels soos slote, keerwalle en gate.

## 4.3 Dokumentasie

Alle vindplekke, verskynsels en strukture wat geïdentifiseer is, is op 'n standaardwyse beskryf en die spesifieke ligging daarvan is volgens straatadres op kaarte, aangebring. In gevalle waar dit nie moontlik was nie, is die koördinate (lengte-en breedtegraad) deur middel van die **Global Positioning System**[1] (GPS) vasgestel en dan op kaart geplaas. Hierdie inligting is ook in die beskrywing bygevoeg om die opsporing van die verskynsel of struktuur te vergemaklik.

### 4.4 Aanbieding van inligting

Die bespreking van dit wat gevind is, word chronologies eerder as geografies aangebied. Dit dra daartoe by om by die leser 'n geheelbeeld te skep van die menslike bewoning en benutting van die gebied. Die volgende aspekte is van belang:

- Die bespreking van dit wat tydens die opname gevind is, word geïntegreerd aangebied met die inligting wat uit die literatuurondersoek verkry is. Interpretasie word dus reeds by die identifisering van die vindplek of verskynsel gedoen.

- Die evaluasie wat gedoen word, is daarop gemik om die vindplek of verskynsel in konteks van die groter gebied te plaas en dus die impak daarvan beter te kan evalueer.

---

[1] Volgens die vervaardiger van hierdie apparaat, moet vir 'n mate van afwyking toegelaat word.

## 5. OPNAME-INLIGTING

### 5.1 Steentydperk

Die Steentydperk word van die Vroeë tot Laat Steentydperk dwarsdeur die

gebied verteenwoordig.

5.1.1 Vroeë Steentydperk

Enkele Vroeë Steentydperkwerktuie is veral aan die noordelike hange van die Magaliesberg aangetref. Na materiaal en tegniek stem dit ooreen met die werktuie wat by die bekende Wonderboom Vroeë Steentydperkterrein gevind word.

5.1.2 Middel Steentydperk

Die Middel Steentydperk is baie goed in die gebied verteenwoordig en word in bykans die hele Magaliesberg aangetref. In hierdie verband is die materiaal wat gebruik is in die vervaardiging daarvan hoofsaaklik kwartsiet. Op ander plekke in die ondersoekgebied waar werktuie uit hierdie fase aangetref word, is dit van horingfels en ander materiaal gemaak.

5.1.3 Laat Steentydperk

Die Laat Steentydperk word deur 'n aantal werktuie, asook 'n enkele terrein (figuur 1) verteenwoordig. Laasgenoemde kan beskryf word as 'n fabrieksterrein, met ander woorde, 'n plek waar die werktuie gemaak is en al wat tans nog aangetref word is die afvalmateriaal en skilfers van hierdie werksaamhede. Die terrein is geleë bo-op die Magaliesberg net oos van Hornsnek.

(GPS: 25° 40' 55.6" S; 28° 04' 32.7" O)

**Bespreking**

In die Steentydperkvoorkomste word daar dus net een terrein, in teenstelling met 'n groot aantal vindplekke, onderskei. Eersgenoemde is na ons oordeel belangrik genoeg dat dit dringend deur 'n

kundige op die gebied ondersoek moet word. Veral as die stelsel van wandelpaaie verder ontwikkel word, kan dit mense na hierdie terrein bring, wat die moontlikheid van beskadiging daarvan meebring.

## 5.2 **Ystertydperk**

Vier Ystertydperkterreine is in die gebied opgespoor.

### 5.2.1 Woonterrein

'n Kompleks van vyf sirkelvormige en halfsirkelvormige mure wat van klip gepak is, is bo-op die Magaliesberg gevind (figuur 1). Ongeveer 200 meter suidwes hiervandaan, moontlik net buite die grens van die ondersoekgebied, is daar nog vier klipsirkels. Geen identifiseerbare, geassosieerde kulturele materiaal kon gevind word nie en dit is dus moeilik om die terrein verder te identifiseer. Na bouvorm en -tegniek stem dit ooreen met tipiese Laat Ystertydperkterreine en word daar gemeen dat dit heel waarskynlik uit die periode na 1800 dateer.

(GPS: 25° 40' 56.5" S; 28° 04' 38.8" O)

### 5.2.2 Woonterrein

Hierdie is 'n uitgebreide woonterrein wat op die grootste gedeelte van 'n klipkoppie in die noordekant van die ondersoekgebied geleë is (figuur 1). Die terrein is egter te dig toegegroei om die omvang en kompleksiteit daarvan te bepaal. Die potwerk wat aangetref is, dui daarop dat dit tot 'n latere fase van die Ystertydperk behoort. Dié terrein vorm moontlik deel van die kompleks van

terreine wat by Onderstepoort en by Medunsa gevind word.

(GPS: 25° 36' 33.4" S; 28° 05' 00.4" O)

5.2.3 Woonterrein

Die terrein is geleë aan die oostekant van die deurgrawing vir die Pretoria/Mabopane snelweg, in 'n vallei bo-op berg (figuur 1). Dit bestaan uit 'n sirkelvormige terras wat moontlik die basis van 'n rondawelwoning kon gewees het. 'n Aantal kleiner stukkies potskerwe is hier aangetref. Twintig meter oos daarvan is daar 'n groot reghoek van klip gepak wat moontlik 'n ou landery kon gewees het. Hierdie terrein word as redelik resent beskou en dateer moontlik uit die eerste helfte van die huidige eeu.

(GPS: 25° 41' 23.0" S; 28° 07' 39.1" O)

5.2.4 Woonterrein

By hierdie terrein is 'n aantal klipmure, gepak volgens die tegniek wat algemeen in die Ystertydperk gebruik is, naamlik twee parallelle rye klip wat met kleiner klip ingevul is (figuur 1). Die kompleks is erg toegegroei en ook moontlik versteur deur 'n damwal (kyk 5.3.4) wat daarnaas gemaak is. Dit bemoeilik die interpretasie van hierdie struktuur, maar daar word gereken dat dit ook tot die latere fase van die Ystertydperk dateer. Ongeveer 50 meter wes hiervan kom daar 'n sirkelvormige struktuur van klip voor wat moontlik 'n beeskraal kon gewees het.

(GPS: 25° 40' 58.3" S; 28° 08' 42.2" O)

**Bespreking**

Uit die terreine wat gevind is, blyk dit dat veral die latere fase van die Ystertydperk is wat deur die

hele ondersoekgebied aangetref word, dit wil sê die tydperk na 1750. Die terreine het groot potensiaal vir die ontwikkeling, veral vir opvoedkundige doeleindes, byvoorbeeld as terreinmuseums, maar dit sal slegs gedoen kan word na 'n deeglike wetenskaplike ondersoek. Verder word een van dié terreine (5.2.2) bedreig deur die feit dat daar noriet op die terrein uitgegrawe word.

## 5.3 **Historiese terreine en strukture**

### 5.3.1 Blokhuise

'n Aantal sirkelvormige strukture van klip (figuur 2) is in die suidwestelike hoek van die ondersoekgebied, digby die Hornsnekpad aangetref (figuur 1). Hierdie was vermoedelik blokhuise wat deur die Britte tydens die Tweede Vryeidsoorlog in 1902 gebou is. Dit is op 'n patroon van maj. S.R. Rice van die **Royal Engineers** gedoen en het bestaan uit 'n basis van klip met 'n sinkstruktuur daaroor (figuur 3). In totaal is vyf van hierdie strukture in die omgewing van Hornsnek opgerig. Drie hiervan is binne die grense van die ondersoekgebied geleë en twee aan die westekant van die Hornsnekpad.

(GPS: 25°40' 52.9" S; 28° 04' 26.3" O)

5.3.2 Monument - Beetgesberg.

Die monument is opgerig op die terrein van die Bybelkollege van die Gemeenstes van Christus Kerk, ter herinnering aan C.J. Beetge (1883 - 1964). Dit bestaan uit 'n groot rots wat op 'n betonbasis aangebring is. Brons plate gee 'n kort verduideliking (Afrikaans en Engels) van wat en tot ere van wie hierdie monument opgerig is.

5.3.3 Grafte

'n Aantal ongemerkte grafte is ook opgespoor. Dit bestaan gewoonlik uit langwerpig gepakte hope klip. Dit is nie altyd moontlik om hierdie strukture positief as grafte te klassifiseer nie, maar ondervinding het geleer dat hierdie tipe strukture met omsigtigheid benader moet word indien ontwikkeling van enige aard in die omgewing daarvan aangepak word. Slegs een voorbeeld, ongeveer in die middel van 'n verspreiding van vyf sodanige verskynsels, is per GPS gedokumenteer.

(GPS: 25° 40' 42.5" S; 28° 04' 54.2" O)

5.3.4 Damwal

Die damwal van beton is in 'n nou klofie in die westekant van die ondersoek-gebied geleë. In omgewing daarvan kom ook 'n aantal klipmure voor - kyk 5.2.4 bo. Die wal en klipmure dateer nie uit dieselfde tydperk nie en gevolglik word dit, tot tyd en wyl verdere ondersoek gedoen kan word, as twee afsonderlike elemente behandel.

(GPS: 25° 40' 58.3" S; 28° 08' 42.2" O)

5.3.5 Murasies en fondasies

'n Groot aantal murasies en fondasies van wat breedweg as arbeiderswonings geklassifiseer kan word, word deur die gebied aangetref, byvoorbeeld aan die noordelike voet van die Magaliesberg, so wel as in die heel noordelike deel van die ondersoekgebied. Dit is egter nie moontlik om sonder intensiewe navorsing vas te stel wat die historiese verband van elk daarvan is nie.

5.3.6 Wildevy bome

Verskeie wildevy bome (**Ficus ingens**) kom aan die westekant van van die ondersoekgebied voor. Een hiervan (figuur 1) is wes van "The Orchards" op die plaas Hartebeesthoek 303-JR geleë. Die boom is deur die **Dendrologiese Vereniging** op die lys van groot bome van Suid-Afrika geplaas. Alhoewel dit buite die grense van die Akasia Munisipale gebied staan het die Akasia Stadsraad nogtans die terrein (met toestemming van die eienaar) toegespan en word dit deur die Departement vir Parke en Ontspanning onderhou. Die boom se waarde lê in sy wetenskaplike betekenis en die feit dat dit die grootste van sy soort in die gebied is.

5.3.7 "Sinkhuisie" of Hultonhuis

Die struktuur bekend as die "Sinkhuisie" (kaart 1) en die twee wonings wat daaragter geleë is,

behoort as 'n geheel behoue te bly om aan die kompleks kontekstuele sin te gee. Die die werwe bevat ook buitegeboue en plante wat kenmerkend van vorige eras was. Aangesien dit nie Raadseiendom is nie, kan die Stadsraad weinig doen om die optrede van die eienaar te rig behalwe om advies aan te bied. Die kompleks behoort onderhou te word met inspraak van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

5.3.8 Hollardhuis

Die woning kom steeds in 'n semi-plaaskonteks voor (figuur 1) en die verwante plaasgeboue soos stalle, waenhuis en ander bergruimtes is steeds intakt. Die belangrikheid van die huis word ook versterk deur sy assosiasie met William Emil Hollard, na wie Hollardstraat in Johannesburg vernoem is. Die huis is een van die min plaashuise wat uit Akasia se vroeë plaasgeskiedenis-era oorgebly het. Die terrein behoort met inagneming van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede behou en onderhou te word. Dié eindom behoort ook nie aan die Stadsraad nie en die eienaar se optrede kan net met advies gerig word.

5.3.9 Danie Malansaal

Die struktuur kom op die hoek van die munisipale wesgrens en die Britspad voor en lê aangrensend aan die grond van die Malanseunskwekery (figuur 1). Dit was altyd as gemeenskapsaal of "boeresaal" gebruik, maar word tans as 'n kerk gebruik. Die gebou is nie meer die belangrike bymekaarkomplek wat dit in die verlede was nie, alhoewel dit steeds deur sommige inwoners as 'n belangrike baken beskou word.

5.3.10 Akasia Laerskool

Die huidige laerskool (figuur 1) is op die plek waar die eerste asbes skoolgeboutjie gestaan het. Dit is in hierdie geboutjie waar die besluit oor die naam van die nuwe munisipale gebied geneem is en dit word deur die inwoners as die ontstaanspunt van hulle dorp beskou. Die oorspronklike geboutjie bestaan nie meer nie.

5.3.11 Grensdraad

Die draad tussen die westelike grens van die Akasia dorpsgebied en die grond van die Malanseunskwekery (figuur 1), is op die roete geleë waar die sogenaamde **Ross-lyn** geloop het. Na oorlewering het die draad gestrek van Ross se winkel langs die spoorlyn in die noorde tot teen die Magaliesberg in die suide. Volgens sommige van die ou inwoners is dit aan hierdie grenslyn wat **Rosslyn** sy naam te danke het.

5.3.12 Roschocha eiendom

Die naam van dr. Roschocha kom voortdurend in die gesprekke oor die geskiedenis van Akasia voor en sy skynbare eksentriekheid het reeds mitiese afmetings aangeneem. Die noordwestelike hoek van "The Orchards" is van die enigste wat nog as 'n ou plaaswerf bedryf word en ook in 'n groot mate die kenmerke het van hoe die plase in die area gelyk het voordat dit as dorpsgebied verklaar is. Die werf mag mettertyd groter historiese waarde verkry indien die omringende landskap verander en die plaaswerf onveranderd bly. Sou dr. Roschocha tot sterwe kom sal die plek altyd aan hom gekoppel word.

5.3.13 Woning

Die eiendom van 'n vorige minister van die Departement van Buitelandse Sake, mnr. Pik Botha, in

Heatherdale (kaart 1) sou in dieselfde kategorie as die van dr. Roschocha val. Die belangrikheid van die eiendom word tans en sal ook in die toekoms aan die status van die eienaar gekoppel word en nie aan 'n uitstaande historiese gebeurtenis of die argitektoniese meriete van die nedersetting nie.

5.3.14 Heatherdale begraafplaas

Die begraafplaas (figuur 1) in die suidoostelike hoek van die gebied is van sosiale en historiese belang. Grafte en grafskrifte is dikwels die enigste bewys van 'n gemeenskap se inwoners en bewoningsgeskiedenis en kan ook soos historiese dokumente gelees word.

5.3.15 Die spuitfontein

Die spuitfontein aan die noordekant van Amandasig langs Heinrichlaan (figuur 1) was 'n geskenk van dr. Frnak Raimondo en het die potensiaal om as 'n landmerk in Akasia erkenning te kry. Dit word reeds as ontmoetpunt en as roeteverwysing deur van die inwoners gebruik.

5.3.16 Ander verskynsels

Ou transportroetes en watervore wat die gebied bedien het bestaan vandag nie meer nie en die roetes kan ook nie meer op die landskap gesien of herskep word nie omdat dit reeds toegebou is. Inligting oor die ligging van die verskynsels is is nog wel by vá̀n die ou inwoners beskikbaar.

**Bespreking**

Die drie plekke wat die duidelikste historiese maar en ook argitektoniese bakens in die gebied is, is die reste van die blokhuise, Hultonhuiskompleks en die Hollardhuiskompleks. Dit moet alles egter in

konteks van die groter geheel geïnterpreteer en bewaar word. Saam met die voorgenoemde Ystertydperk-terreine kan dit as 'n sterk kern dien vir ontwikkeling van opvoedkundige programme met 'n historiese inslag.

## 6. SAMEVATTING EN EVALUERING

Die munisipale gebied van Akasia kan as 'n mensgemaakte landskap beskou word. So 'n landskap is gewoonlik saamgestel uit 'n verskeidenheid komponente en dit is die kombinasie waarin die komponente bymekaar gebring is wat aan die nedersetting sy unieke **karakter** gee. 'n Ondersoek van die Akasia Munisipale gebied is gedoen en 'n aantal terreine en strukture van argeologiese en historiese belang is geïdentifiseer, op grond hiervan kan die benutting van die omgewing waarin die ondersoekgebied val, in vier periodes verdeel word:

- Voorhistoriese periode en kommunale grondbesit
- Periode van plaasbewoning
- Periode van kleinhoewes en eerste industrieë
- Periode vanaf dorpstigting

Dit is moeilik om 'n verlede beeld van die gebied uit te stip, veral wanneer in ag geneem word dat verskeie fases van menslike bewoning vanaf die Vroeë Steentydperk tot vandag hier plaasgevind het. Elke fase moet dus as 'n periode met sy eie hoogtepunte in die geskiedenis interpreteer word.

Die omgewing is reeds sedert Vroeë Steentydperktye deur die mens bewoon, dit wil sê 'n periode

van nagenoeg 200 000 jaar. Hierdie Steentydperkbenutting van die gebied was van 'n lae impak en kan slegs herken word aan die voorkoms van 'n hoeveelheid klipwerktuie wat verspreid deur die gebied aangetref word. Dit is egter heeltemal in lyn met wat in ander, soortgelyke ekologiese gebiede en wyk nie af van wat verwag is nie.

Verskeie terreine daterende uit die Ystertydperk is ook geïdentifiseer. Alhoewel dit redelik wyd verspreid deur die ondersoekgebied voorkom, dateer dit meerendeels uit die later fase van hierdie periode. Die kenmerkende eienskappe van hierdie terreine is die feit dat dit met klip volgens spesifieke kultureel bepaalde vereistes uitgelê is en op klipkoppies of in die voetheuwels tot die Magaliesberg geleë is. Dit is die areas wat naby water geleë is en wat ook 'n sekere mate van beskerming verleen. Hierdie terreine vorm egter deel van 'n groter kompleks van terreine en moet dus in hierdie konteks geïnterpreteer word.

Die dorp Akasia is uitsonderlik aangesien dit weinig van die tipiese Suid-Afrikaanse dorpskenmerke vertoon. Dit staan in teenstelling tot die geykte persepsie van 'n nedersetting wat langs 'n standhoudende rivier of spruit lê in 'n ruitnetpatroon uitgelê is met 'n kerk, of drostdy en 'n dorpsmeent in die middel. Dorpe soos Graaff-Reinet, Winburg, Pretoria, Potchefstroom en Swartruggens dien as voorbeelde van wat tradisioneel met die "beeld" van 'n dorp geassosieer is. Akasia het 'n unieke stedelike karakter met 'n eie geskiedenis en sy eie plekke van kulturele belang.

Die verloop van dorpstigting en stedelike landskapontwikkeling toon aan dat die gebied 'n kort stedelike geskiedenis het. Dit sluit die skynbaar onsuksesvolle ontstaan van Orchards wat in 1906

reeds as dorpsgebied verklaar is, uit:

- Orchards 1906 en weer in 1974
- Rosslyn 1965
- Karenpark 1971
- Hesteapark 1973
- Clarina 1973
- Theresapark 1973
- Heatherdale 1974
- Chantelle 1974
- Ninapark 1974
- Rosslyn oos 1975
- Klerksoord 1983
- Eldorette 1984

Die huidige geskiedenis van Akasia moet ook as deel van die ondersoek gesien word en dit is onvermydelik dat die landskap in die toekoms gaan verander. Die landelike karakter is reeds grotendeels deur stedelike elemente vervang en plekke wat vir die destydse inwoners van belang was, het reeds verdwyn. Ongelukkig is die stedelike ontwikkeling van Akasia ook te resent om nou reeds 'n groot aantal plekke van historiese belang te bevat. Die gebied het eerder 'n "ou" landelike as stedelike geskiedenis en omdat dit op die periferie van 'n sterk ontwikkelde stedelike kern (Pretoria-stad) geleë is, het dit **karaktertrekke van beide stedelike en landelike aard.** Dit sluit ook kleinhoewes en plekke in wat hoofsaaklik vir kleinskaalse landbou-doeleindes gebruik word en 'n woonkom-ponent bevat soos in die volgende gebiede die geval is:

- Amandasig
- Suidelike en heel noordelike deel van Heatherdale
- Suidelike deel van Ninapark
- Florauna
- Noordelike, westelike en suidelike dele van Karenpark

- Eldorette
- Clarina

Die area word ook gekenmerk deur groot dele wat **nie vir landbou of residensiele doeleindes** benut word nie. Alhoewel daar reeds strate uitgelê is, is die dele onbenut en word óf as stortingsterreine óf as klein opgaarplekke gebruik. Motorwrakke, tuinvuilis en bourommel kom op hierdie terreine voor. Dit is veral opvallend in die gebied wat as **Klerksoord** bekend staan en kom ook in uitsonderlike gevalle in **Rosslyn** voor.

Sedert die proklamering van die dorpsgebied en gevolglike dorpstigting het die karakter soos hierbo genoem aansienlik verander. Dit het gelei tot die skep van **suiwer residensiele dele** met 'n hoër digtheid as die omringende semi-landelike gebied met die kenmerke van stedelike enkel-residensiele gebiede:

- Die sentrale en suidoostelike deel van Theresapark
- Hesteapark
- The Orchards
- Chantelle

In enkele gebiede is **industriële aktiwiteite** en verwante geboue en strukture in die meerderheid soos in **Rosslyn** en in sommige areas in **Klerksoord.**

Die bogenoemde kenmerke wat met die grondgebruikspatrone verband hou, is van resente aard en is onderhewig aan verandering. Die geskiedenis van die areas is nie gedokumenteer nie, maar slegs ondersoek vir oorblyfsels van geboue en strukture wat genoegsame historiese diepte besit.

Die historiese waarde van die areas en die individuele eiendomme sou heel moontlik eers na 50 of 100 jaar bepaal kan word.

Natuurlike **topografiese komponente** verskynsels is tog deel van die historiese "mental map" en dien dit as konstantes in die landskap wat deur die jare vir die mense van die gebied 'n sin vir rigting, plasing van gebeurtenisse en 'n sin vir historiese konteks gegee het. Hierdie komponente sluit onder andere die Magaliesberg, spruite, klowe en uitsonderlike plantspesies en habitatte in.

Die **Magaliesberg** vorm die belangrikste konstante verwysingspunt in die ondersoekgebied se geskiedenis soos uit die grensbelyning van die eerste plase en ook uit die keuse van die huidige munisipale grens van Akasia se dorpsgebied blyk. Die berg is terselfdertyd 'n groen area wat reeds deur die stedelike beplanners as 'n potensiële ontspannings- en bewaringsgebied identifiseer is.

Die **spruite** wat die gebied dreineer maak ook deel uit van die natuurlike komponente in die landskap wat histories deur die inwoners as verwysingspunte gebruik is. Alhoewel die strome gedeeltelik opgedroog het is die belangrikheid daarvan deur die stedelike beplanners onderstreep deur die vloedvlaktes in die struktuurplan as areas wat nie vir bebouing gebruik gaan word nie maar wel as oop ruimtes met 'n ontspanningsfunksie te soneer.

## 7. AANBEVELINGS

Die bewaring van die geïdentifiseerde terreine en strukture kan gedoen word deur toegang daartoe

te beperk of om dit funksioneel te benut soos wat die **Sinkhuisie** tans gebruik word of om dit as terreinmuseums te ontwikkel, maar dan slegs binne die bepalinge van die betrokke wetgewing en aanvaarde museologiese beginsels.

Die Ystertydperkterrein (no. 5.2.2 bo) word bedreig deur moontlike ontwikkeling. 'n Deel van die koppie waarop dit geleë is, is uitgegrawe om die kwaliteit van die gesteente (noriet) te bepaal en kan moontlik later verder gemyn word, wat die terrein in gevaar stel. Daar word vermoed dat hierdie terrein 'n definitiewe skakeling met die terreine oos (Onderstepoort) en wes (Medunsa) daarvan vorm. Indien daar met verloop van tyd met die ontginning van die noriet voortgegaan word, sal hierdie totale kompleks binne die bepalinge van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet 28 van 1969) en die Mineraalwet (Wet 50 van 1991), deur kundige persone ondersoek moet word. Daar word dus voorgestel dat hierdie terrein in elke geval as afsonderlike projek nagevors word om te voorkom dat dit later weens onkunde vernietig word.

Daar word verder voorgestel dat die reste van die arbeiderswonings (no. 5.3.5) wat deurlopende deur die gebied gevind word, gelaat word totdat daar ontwikkeling in 'n bepaalde area gedoen gaan word, wanneer dit dan deur kundiges ondersoek kan word.

Die ander steeds bestaande strukture wat hierbo genoem is, is in die meerderheid gevalle welbekend weens hul historiese en argitektoniese kwaliteite. Daar word aan die hand gedoen dat met die eienaars onderhandel word om die simpatieke benutting en voortbestaan daarvan te verseker.

# 8. VERWYSINGS

## 1. Ongepubliseerde bronne

1.1 Argivalia:

KG - Argief van die Kommandant-generaal van die ZAR
OD - Argief van die Onderwysdepartement van die ZAR
TOD - Argief van die Transvaalse Onderwysdepartement
PWD - Argief van die Publieke Werke Departement van die Transvaal
TPB - Transvaalse Provinsiale Publikasies
SS - Argief van die Staatsekretaris van die ZAR
SSA - Argief van Buitelandse sake van die ZAR
SP - Argief van die Staatsprocureur van die ZAR
MCB - Argief van die Militêre Kompensasieraad
SNA - Argief van die Sekretaris vir Naturellesake
LD - Argief van die Regsdepartement van die Transvaal
MHG - Argief van die Meester van die Hooggeregshof
TPD - Argief van die Registrateur van die Hooggeregshof van Suid-Afrika - Transvaalse Provinsiale Afdeling
Town Development Procedures, Stadsraad van Akasia

1.2 Data-basisse:

Archaeological Data Recording Centre, Tvl section, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

1.3 Manuskripte

Landsberg-manuskrip, ongedateerd.

## 2. Gepubliseerde bronne

2.1 Boeke en tydskrifte

Acocks, J.P.H. 1975. **Veld types of South Africa.** Memoirs of the Botanical Survey of South Africa,

no. 40. 2nd Edition. Pretoria: Botanical Research Institute.

Carruthers, V. 1990. **The Magaliesberg.** Johannesburg: Southern Book Publishers.

Engelbrecht, S.P., Agar-Hamilton, J.A.I., Pelzer, A.N. & Behrens, H.P.H. (reds.) 1955. **Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die Stad Pretoria.** Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

Holm, S.E. 1966. **Bibliography of South African Pre- and Protohistoric archaeology.** Pretoria: J L van Schaik.

Mason, R. 1962. **Prehistory of the Transvaal.** Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Preller, G.S. 1938. **Ou-Pretoria.** Pretoria: Afrikaanse Kultuurraad.

Raper, P.E. 1989. **Dictionary of Southern African place names.** Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Rasmussen, R.K. 1978. **Migrant kingdom: Mzilikazi's Ndebele in South Africa.** London: Rex Collins.

Tomlinson, R. 1994. British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902. **Pretoriana** 104:11-29.

Van Riet Lowe, C. g.d. **The distribution of Prehistoric rock engravings and paintings in South Africa.** Archaeological Survey, Archaeological Series No. 7.

Van Warmelo, N.J. 1977. **Anthropology of Southern Africa in Periodicals to 1950.** Pretoria: Government Printer.

2.2 Kaarte

1:50 000 Geologiese kaart - 2528 CA Pretoria, 1973. Staatsdrukker: Pretoria.

1:50 000 Topokadastrale kaart - 2528 CA Pretoria, 1976. Staatsdrukker: Pretoria. Pretoria.

## 9. PROJEKSPAN

J. van Schalkwyk (Projekleier)

A. Batchelor

S. Brink

S. Moifatswane

A. Mthombeni

M. Naude

A. van Vollenhoven

FIGUUR 1: Kaart van die verspreiding van vindplekke, terreine en strukture in die ondersoekgebied.

NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM
NATIONAL CULTURAL HISTORY MUSEUM

| | |
|---|---|
| VERSLAG 94KH01 | **AKASIA STADSRAAD** |